KAMMANUUS
Nommer 376 2 Junie 2014
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Ons eerste treë op pad na ekspats

Dankie vir die oorweldig positiewe reaksie wat ons gekry het van julle, die lesers, aangaande die boekprojek. Ek skop die week af met die eerste stukkie van die boek. Soos wat gedagtes en gebeure opdoem uit die newels van die verlede gaan ek hulle hier kom vasmaak.

Van die stories gaan dus uiteraard bietjie rondspring in tyd en plek, maar hopelik sal hulle mettertyd hul kronologiese nessies vind. Ek gaan ook soos die verhaal ontvou, hom stuk vir stuk weer aanmekaar las êrens op die webwerf www.onsdorp.com sodat mense wat agter raak of nuut bykom, kan gaan opvang as hulle wil.

Anderkant Duskantland – Hoofstuk 1.1 UIT DIE GROEF.

Deesdae kry mens hoofsaaklik drie soorte Suid-Afrikaners oorsee: Dié wat vakansie hou, die uitgewekenes wat daar moet en wil wees, en dié wat tydelik daar werk. Ek staan stewig in die derde kategorie. My uittog is net tydelik, die afgelope 25 jaar lank.

In 1990 verlaat hierdie in die Kalahari gebore, in die Kaap getoë klipdokter die Wes-Transvaalse Goudvelde. Gee ek en Kamermaatjie ons eerste babatreetjies in die buiteland. Ek noem dit juis 'buiteland' want ons het eers ses jaar later eintlik regtig oorsee gegaan, heeltemal uit Suidelike Afrika uit.

'n Kaapse geotegniese firma met die heel gepaste naam van MJ Mountain, gee my werk in die berge, daar in die tonnels van die Lesotho Hoogland Waterprojek. Ons pak meeste van ons goedjies in Klerksdorp, stoor die res by familie en vriende en daar gaan ons, die vreemde in.

Dit was nou darem nie die eerste keer wat ons die landsgrense oorsteek nie. Ek en Kamermaatjie het al 'n paar keer gaan vakansie hou anderkant die groot water. Die eerste slag was toe ons in 1986 vir ses weke Kanada toe was vir 'n konferensie oor mynbou en skagte. Hoewel dit 'n onvergeetlike ondervinding was, het ons sommer al ná die vierde week in Toronto begin verlang huis toe. Vir eie kos, eie mense, en eie bed. Hoe sou ons dit dan dié keer vir langer uithou?

Wat dit seker vir ons makliker gemaak het, is dat ek die eerste ruk maar net oorkant die SA grens gewerk het. Binne twee ure se ry was mens weer terug in die Vrystaat, terug op eie grond.

Ons het vir oorle' skoonma 'n woonstel in Ficksburg gehuur waar ons met ons lang afnaweke kon gaan kuier. Op daardie waterprojek het ons elke einde van die maand drie of vier dae af gekry om te gaan proviand inskeep in Suid-Afrika. Dit klink mos nou nie eintlik na weg wees nie, maar moenie 'n fout maak nie. Sodra mens die dag jou identiteitsdokument wegbêre en verruil vir 'n paspoort, is jy weg van jou mense en weg van jou eie dinge. En dit kos aanpas. Jy is nou 'n ekspat en vir ekspats is daar ander reëls en ander norme, soos ons vinnig sou leer.

Omdat die pakkery in Klerksdorp nog nie klaar was nie en blyplek anderkant die grens min was, het ek vir die eerste maand alleen vooruit gegaan die vreemde in.

Word vervolg.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Kinderlike onskuld

Die arme kindertjies sing dikwels maar net sonder dat hulle die vaagste benul het waaroor hulle sing -- of omgee wat dit beteken. Elke vergissinkie kostelik in sy onskuld.

♦ 'n Dominee vertel dat sy seuntjie altyd gesing het: "Prys die Heer met blye galme, O my siel daar ruik ek stof."

♦ Die vrou het eers toe sy groot is agtergekom waarom haar pa voor ete gebid het: "Voete kos 'n sjieling" (Voed ook onse siele).

♦ "Die Heer is God, erken dat Hy / 'n eiervolk vir Hom berei..."

♦ "Onse Vader wat in die heining woon."

♦ "Loof Hom met die tromme, loof Hom met die harp, loof Hom met die stukkende sandale."

♦ Pleks van "Hy berei vir my 'n vreugdefees" het ek met dieselfde dankbaarheid gesing: "Hy berei vir my 'n vrugtefees".

♦ 'n Afrikaanse kind wat die Onse Vader in Engels moes opsê: "Our Father who shouts from heaven, Hallo what is your name."
En toe hy kom by "give us this day our daily bread", was sy weergawe: "Give us this day our day in bed."

Landbouweekblad 70 jaar gelede

MOENIES VIR VROUE

Moenie

♦Op straat rook nie
♦Gedurig sonder ophou praat nie
♦In 'n kafee, bioskoop of teater voor u man uitloop nie
♦Vergeet om aan u man se regterkant te loop nie
♦U man se korrespondensie oopmaak nie
♦U man se papiere op sy skryftafel rond-skuif nie
♦Ontevrede wees as u man sê 'n artikel is te duur nie
♦U man en sy foute met familie en vriende bespreek nie.
♦U man laat wag vir ete as hy by die huis kom en dit is etenstyd nie

Die herkoms van ons gesegdes (30)

Oorhoeks: Oorhoeks wees (raak) met iemand (met iemand rusie maak)
Om oorhoeks met iemand te wees, is om diagonaal teenoor iemand te staan, byvoorbeeld in 'n kryt. Daaruit het die betekenis van 'n teenstander, 'n vyand ontwikkel.
Om jou oorhoeks te werk, is 'n betekenis wat in Afrikaans ontwikkel het. In Middelnederlands het oorhoeks ook haaks beteken – en in Afrikaans het ons ook haaks wees met mekaar, dit wil sê in kwaaivriendskap lewe of gedurig baklei.

Opdok: Iemand moet opdok (iemand moet betaal)
Opdokken in Nederlands het vroeër ook die betekenis gehad van "afskuif, wegstoot"; opdok beteken dus eintlik "geld van jou af te skuif, weg te stoot."

Opgeskeep: Met iets iemand opgeskeep sit (nie van iets of iemand ontslae kan raak nie)
Om met iemand opgeskeep te wees, is om met die persoon op 'n skip te vaar en hom dus altyd by jou het. Verder, as dit jou skip is, is jy ook nog verantwoordelik vir hom, en op dié manier is hy 'n oorlas.

Orig: Moenie jou orig hou nie (moenie jou met ander se sake bemoei nie)
Afgelei van "jou ore oophou" en dus weet wat ander mense doen en jou dan daarby inmeng.

Duskantkantlander in Anderkantland

In Akkra is alles 'normaal'

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou, skryf uit Ghana

'n Mede Suid-Afrikaner vertel my hulle is nou, na twee jaar, kláár met kontrakwerk in Afrika - vir áltyd. In enkele dae, vertrek hulle na die Filippyne. Volgens haar sal sy níks van Akkra mis nie.

Ek gooi my geoefende oogrol. Sy besef nog nie hóé Akkra aan jou grille skuur nie. Elke plek wat ons "huis" noem, - hoe tydelik ook al, trek 'n hartsnaar. Vra enige ekspat, kontrakwerk is soos diensplig doen. Hulle woon noodgedwonge in vreemde plekke vir 'n bepaalde tyd. Jy is daar om iets gedoen te kry, die plek en mense om jou is wat jy self daarvan maak. Almal beleef en ervaar dieselfde plek in dieselfde tyd anders.

Net soos die weermag, het Akkra jou minstens twee keer in trane: Die dag as jy hier aanland, en die dag wanneer jy weer weggaan. Jy leer nuwe vaardighede soos om eiers in water te dompel om die vrottes van die varses te skei. Jy woon vir 'n bepaale tyd in 'n plek wat jy nie noodwendig van hou of veel keuse het nie. Jou tuisbesoeke is min en vlugte huis toe is soos "op pas gaan."

Grootoog vertel jy vir familie en vriende hoe rof die lewe in Akkra is. Niemand in die RSA glo jou nie – hulle maak grappies oor die Oscar-saak en inbrake en motorkapings. Met die terugkomslag is jou bagasie volgestop met ma se beskuit en nat biltong.

Mense móét maar net aanpas in Akkra. Na 'n paar maande ruik of sien ons nie meer die oop rioolslote nie. Vrot eiers wat pas gekoop is, word normaal. Skoonmakers wat rustig slaap op marmerblaaie van openbare badkamers ook. Ruik aan vleis voordat jy dit koop, word normaal. Omdop van kaas op soek na mufgroeisels word normaal. Miet in "vars" meel uit die winkel word normaal.

Rondry na vyf of ses plekke vir vier items op jou inkopielys word normaal. Wanneer iemand meer as twee ure laat opdaag vir 'n afspraak, noem hulle dit Afrika-tyd. Tog, agter jou, lê hulle op die toeter binne 'n splitsekonde wanneer die robot verander van rooi na groen.

Grootoog lees ons die RSA nuus. In Akkra dans niemand voor winkels en staatskantore uit protes oor verhogings nie. Hulle dans wel in die strate wanneer sokkerdoele aangeteken word. Niemand breek bestaande skole af in opstand oor swak fasiliteite nie. Motorkapings is hier geen sprake van nie. Bandiete en myners staak nie. Die president blameer nie die land se verswakte geldeenheid op die vorige regering nie. Niemand brand hier die nuut geboude gratis regeringshuise af nie.

Als is ook nie perfek nie. Slakdiens, goor Wifi-konneksies, swak selfoonverbindings, konstante kragonderbrekings en verkeersknope laat jou voel jy's terug in die RSA. As jy effe onseker is van jouself, sal jy gou leer waarvan jy nié hou nie.

Troepe leer gou om so in die middel van die bondel te hardloop. Jy vermy oogkontak in die openbaar, of jy stel jouself bloot aan ongevraagde aandag. Sakkiepakkers vra sommer reguit of jy met hulle kan trou – al staan jy met jou kind op die heup en trouring wat skitter aan die hand. Niemand poets en diens niks hier nie – als roes, breek en val uitmekaar.

Oor haar vreemde naam skryf Daniël:

Ek is gedoop as Diederick Daniël Janse van Rensburg – my oupa se name en my ma se trouvan. Sy was hoog swanger met my toe sy ongeërg belowe sy sal die ongebore kind na haar pa, wat erg siek was, vernoem. Suikersiekte en hartkwale loop halsstarrig dik in onse familie 'n Paar dae na sy begrafnis is ek gebore – "sonder stingel".

My Moeder voel toe só skuldig dat sy " 'n belofte gemaak het aan 'n sterwende man".

Die bankmense en binnelandesake se ouens krap vandag nog hulle kop daaroor.

STAMBOOM verskyn agteraan AGTEROS.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

ONTBYTGESPREK

Die man en syvrou het een oggend aan die ontbyttafel gesit. Toe sê hy vir haar:

"As ek skielik sterf, moet jy asseblief al my goed verkoop," sê hy.

"Nou hoekom moet ek so iets doen?" vra sy.

"Wel," sê hy, "as jy weer trou, wil ek nie 'n poephol hê wat my goed deel nie."

"O," sê sy, "en hoe weet jy ek gaan weer met 'n poephol trou?"

Ek het al so baie uit al my foute geleer. Ek dink ek moet nog maak.

DIE LEGKAART

Die blondine bel haar kêrel en vra dat hy haar kom help - sy het 'n bielie van 'n legkaart en sy kan nie uitwerk hoe of waar om te begin nie.

"Wat moet dit wees as dit klaar is?" vra haar kêrel.

"'n Tier," antwoord sy.

Hy besluit toe om oor te ry om haar te help met die legkaart.

Daar gekom, sê hy sy moet hom na die tafel toe vat.

Hy het 'n rukkie na die stukkies van die legkaart gekyk, en toe na die boks waaruit hulle kom.

"Eerstens," sê hy, "is daar geen manier waarop ons dit na 'n tier kan laat lyk nie.

"Tweedens wil ek hê jy moet heeltemal ontspan. Daarna kan ons 'n bottel wyn oopmaak, en dan sit ons al die hawermout-flokkies terug in die boks."

JY HOOR VERKEERD!

Die man het 'n nuwe sportmotor gekoop, en 'n week later neem hy dit terug na die handelaar.

"Wat is verkeerd?" vra die verkoopsman.
"Hy maak so 'n snaakse neuriegeluid," antwoord die koper.

Die verkoopsman het 'n ent met die kar gaan ry, kom terug en sê hy hoor niks.

"Wanneer hoor jy die neuriegeluid?" vra hy.

"O, net as ek vinniger as 200 km/h ry," antwoord die eienaar.

"Goeie genugtig!" roep die verkoopsman uit. Dis g'n neuriegeluid nie, dis 'n koor van hemelse engele wat opwarm om jou te verwelkom!"

ONS SAL HOM WYS!

Die meisie kom tuis na 'n afspraak en lyk baie afgehaal.

"Wat skort?" vra haar ma.

"Jan het vanaand gevra om verloof te raak," sê sy.

"Maar dis wonderlike nuus! Het jy ja gesê?"
"Nee, ma. Hy gaan nie kerk toe nie en bid nie en glo nie daar is 'n hel nie."

"Trou met hom, Skat," sê die ma. "Tussen die twee van ons sal ons hom wys presies hoe verkeerd hy is."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

'n Maatskappy se kommissiekabouter was heeldag op die pad en het op pad huis toe baie vaak geraak.

Liewer as om 'n kans te waag, besluit hy toe om af te trek en bietjie te slaap. Hy het egter onwetend langs 'n baie gewilde drafroete afgetrek.

Lank voor sonop was daar 'n klop aan sy karvenster en 'n hardloper het gevra: "Weet jy dalk hoe laat dit is?"

Die kommissieman het half deur die slaap gebrom dat hy nie weet nie.

Kort daarna was daar weer 'n klop op die kar se dak en nog 'n drawwer wat dieselfde vraag vra.

Nadat dit nog 'n keer gebeur het, was die kommissieman so geïrriteer dat hy 'n kennisgewing op die kar se ruit geplak het:
EK WEET NIE HOE LAAT DIT IS NIE!

Vyf minute later was daar weer 'n klop aan die kar en die drawwer het geskree:
"DIS NOU 05:27!"

Charley en die uile

Charley was 'n man wat voëls dopgehou het en het probeer om uile na sy tuin te lok. Hy het elke aand by 'n boom gaan staan en soos 'n uil gehoehoe.

Tot sy groot vreugde het 'n uil hom een aand geantwoord.

Daarna het hy elke aand buite gestaan en gehoehoe en toe antwoord 'n ander uil. Uiteindelik het hy gedink hy verstaan nou 'n uil se taal.

Een aand het Charley se vrou oor die heining geleun en met haar buurvrou gesels.

"My Charley is mal oor voëls," het sy gesê.

"Ja," se die buurvrou, "my Bill is net so dol oor hulle."

"My Charley gaan staan elke aand buite en skree soos 'n uil, en nou is daar werklik een wat terugroep."

As my sommetjes reg is, kan ek vyf jaar na my dood uittree.

Die swetsende korporaal

Martha het hierdie ware storie aangestuur: Ons woon in Kimberley en my man is vreeslik lojaal teenoor die plek en kan nie kritiek verdra nie.

So ontmoet ons eendag iemand in Limpopo wat toe hy hoor ons is van Kimberley sê hy het net lelike herinneringe van die plek waar hy diensplig gedoen het.

Sy van is Phillips en terwyl die ander troepies volgens die alfabet inklaar soek hy agter 'n yl bossie skuiling teen Kimberley se Januarie-hitte. Hy weet die P's gaan heelwat later geroep word. Maar die korporaal sien hom en pluk hom daar uit en vra na sy van. Hy sê "Phillips" en die korporaal sê "Maar dan moet jy mos onder die f** F's kom staan!"

Toe die pos die Saterdag uitgedeel word staan die korporaal weer die name van die gelukkige ontvangers en uit skree: "P. f** R f** Genis; C. f** N. f** Nel, D.f** S. f** De Wet."

So skree hy D. f** S. f** De Wet 'n paar keer uit, maar kry geen respons. Naderhand kom 'n ou ewe sleepvoetend nader en vra: "Is dit nie dalk myne nie? Ek is ds. De Wet."

ROELFIE SLAAT RAAK

Politieke blertse aan die kaak

Ou lesers van Kammanuus sal dalk nog onthou hoe Roelfie hulle baie jare gelede weekliks vergas het met sy politieke kommentaar. Hier daag toe – uit die bloute – nog 'n bydrae van hom op.

Switserland se voorbeeld

Roelfie vind dit verstommend dat die Switsers 'n referendum gaan hou om te besluit of hulle 22 Gripen-vegvliegtuie vir R35 miljard moet koop.

Toe dit tyd geword het om wapens vir die Nuwe Suid-Afrika te koop, het die regering mos net in groot geheimhouding voortgegaan en op die koop toe sommer ook heelwat meer betaal as wat nodig was, en ook die verkeerde goed gekoop omdat die kickbacks so goed was.

Nou sit ons met fregatte en vliegtuie waarvoor daar nie brandstofgeld of bemannings is nie. En van die sterkste weermag in Afrika tel ons nie meer onder die topsewe nie. G'n wonder nie, want hierdie spul soustreinnryers kan nie eens die bote na Robbeneiland op die see hou nie.

♦ Roelfie is bly vir die Switsers. Hul regering gee om. En toe die pers die wapenskandaal ontbloot, het die ANC skarminkels die skouers net opgetrek: "Ons weet daar niks van nie."

Die skanda van Nkandla

Net soos daai vliegtuig met die hele Gupta-clan aan boord wat hier op 'n hoë-sekuriteit lughawe kom land het.

En die R246 miljoen wat op die Stortkop se woning in Nkandla uitgegee is – kompleet met 'n swembad waar die beeste kan kom suip, 'n tennisbaan, 'n ginasium en 'n bunker – noem maar op. En Nommer Een sê hy – net soos ons - het nie daarvan geweet nie. Saak afgehandel.

♦ Laat Roelfie dink aan die tennisbaan wat die swart speler Arthur Ashe doerietyd met die beste bedoelings in Soweto laat bou het. Toe hy 'n paar jaar later weer daar kom, het die kakiebos kniediep op hom gestaan en was daar nog net vae tekens dat daar eens 'n omheining was.

Die Sandputkinders

En dan is daar die ANC se Sandputkinders, ook bekend as die Youf League. Hulle het in 'n Durbanse hotel 'n rekening van R82 000 opgebou vir 'n voorverkiesingspartytjie. Hiervan was R24 000 net vir whisky.

Toe dit kom by uithaal en betaal, het niemand iets daarvan geweet nie. "Drankrekening? Goeiste, dit kon nie ons gewees het nie. Die Youf League? Nog nooit van hulle gehoor nie."

Wat natuurlik kleingeld is as dit vergelyk word met die skuld van R100 miljoen wat hulle 'n paar jaar gelede opgebou het. Pappa ANC moes maar sy sak met ons belastingbetalers se geld skud.

Roelfie kon nog nooit uitwerk wat die doel met die Youf League is nie. Volgens hul definisie strek jou jeug tot by 35 jaar. Klink na 'n baie laat jeug.
♦ Roelfie wonder nou wat vir hulle so wonderlik aan whisky is, veral as hulle dit saam met Coke drink. Die appel val baie naby aan die boom, nè.

Koebaai, Trewwer!

Tog interessant hoe die oudstryders besig is om pad te gee uit die ANC. Bo-aan die lys is, Klewwer Trewwer Handrat, wat lank voor die tyd besluit het hy het genoeg gehad van die korrupsie waaroor hy moet stilbly.
♦ Dis jammer, want hy was een van die weiniges wat met 'n brein geseën is.

Die einde van Kortbroek

Jacob Zuma het nou ook ontslae geraak van Gieter Mulder, adj.-min. van landbou, en Kortbroek van Schalkwyk (toerisme). Onder Kortbroek se ministerskap het toerisme baie toegeneem, maar daar is mos nie plek vir mense wat hul werk doen nie.

Toevallig is albei natuurlik ook wit.

♦ Die volk is egter baie meer kwaad oor Kort Derm, wat op Nommer Een se inhuldiging loop staan en sing het. Sy CDs is nou in geen musiekwinkel meer onder die totptien nie.

Poskoets

Kammanuus se lesers gesels

Bakgat idee!

Mariaan Vorster, Pretoria:
Ek dink jou drie vlieë se geklap is 'n bakgat idee !
Self is ek nie 'n skrywer/skryfster nie… al van kleintyd af… maar lees, dit doen ek baie graag. So alhoewel ek nie die meeste bydraes gelewer het deur die jare nie, verslind ek elke uitgawe oor daardie kommetjie boeretroos en 'gesondheids'-beskuit!
Ek moet bieg dat ek nog nie 'n goeie e-leser geword het nie, en verkies die papier onder my vingers. Ek mis ook die gekleurde koevertjies in die posbus by die hek, AL hierdie wit vensterkoeverte maak net my inkomste vinnig kleiner
Verseker sal ek dit lees en waar moontlik kommentaar lewer en dan ook uitsien na die boek! Jy het my volle steun.

Mense moet vertel van buitelandse besoeke

Elsabe Serfontein, Kaapstad:
Ek kry ook gereeld jou Kammanuus. Ja, ons het lui geword om te skryf.
Jou boekstukkies klink wonderlik. Dit sal wonderlik wees as ons almal kommentaar of ondervindinge te deel. Dit gaan ook interessant wees om te hoor van ander lesers wat hulle dink en ook hulle ondervindinge. Ons kuier almal as dit ons beskore is so 'n bietjie hier en daar in die buiteland.
Lekkerlagstories en ondervindinge gaan welkom wees. Almal lag tog op so 'n uittog oor snaakse goed wat gebeur of wat jy gesien het en ek dink dit kan gillend snaaks raak. Facebook het oorgeneem, ek stem saam, maar ons kan nie ons blaadjie wil afskeep nie – dit het dan so in 'n mens se hart ingekruip en ek kan nooit wag tot die volgende Kammanuus en anvonture van jou en Kamermaatjie nie. Ek hoop die boek word 'n werklikheid.

Kammanuus is kosbaar

Ernst Swanepoel:
Ek het ook Michelle se briefie aandagtig gelees. Ek sit nog in die "hierdiekant-land" en kan nie sonder Kammanuus" nie. Van my kinders is besig om "ander-kantlanders" te word en dan moet ek ook bieg dat ek hulle nog nie ordentlik aan Kammanuus voorgestel het nie.
Jy's reg met die invloed van tegnologie op die "briefskrywers" maar dit mag nie Kammaland negatief beïnvloed nie.
Familiekontakte word opgespoor waarvan ons nie eers geweet het nie!
Ja, die briefies geniet ek, maar bloot die naam Kammanuus, al is dit met nét die Touleier se "redaksioneel", is kosbaar en word geniet.

Andre du Toit:
Ek ontvang nou al vir 'n paar jaar jou Kammanuus en geniet elke uitgawe.
Ek sien werklik baie uit na die idee dat jy jou boek gaan skryf oor julle ondervindinge in die verskillende dele van die wereld. Ek beny julle die geleentheid om in verskye lande te gewerk het wat julle ondervind het.
Ek het in 1966 amper die geleentheid gehad om vir 'n paar jaar in die VSA te gaan werk. Ek het wel in Zambie afgelos vir so vyf maande wat 'n wonderlike ondervinding was.

Magrietha Smith, Saoedi-Arabië:
Jy's reg Hennie. Te min anderkantstories en lesse. Ek was onder die indruk dis waaroor die Kammanuus gaan, maar het sover elke uitgawe wel geniet.
Is nou 'n jaar en half hier by my man, hyself is meer as twee jaar hier. Het al hope ander Suid-Afrikaners ontmoet en elkeen is hier om dieselfde rede, maar elkeen het 'n eie storie.
Miskien moet Kammalanders begin om hule stories en ervarings met mede bewoners van verskillende streke te deel. Lief en leed!

Elsbeth Verhoeven:
Ek hoop regtig nie dat jy gaan stop met Kammanuus nie. Maar verlede week het my man my vertel dat daar 'n student by die Univiersiteit was wat glad nie geweet het hoe om 'n brief te pos nie want het nog nooit 'n seel opgeplak op 'n koevert nie. Dis eintlik sleg want ek het amper al afgeleer om te skryf.
'n mens gebruik mos ander spiere as jy skryf. Ek sukkel nogal om 'n 8 te vorm. Wat baie mense nie weet nie is dat enige iets wat in die kuberruimte geskryf is, nooit verdwyn nie al vee jy dit uit. Dis eintlik nie privaat nie. 'n Brief wat jy met die hand geskryf het met regte ink is meer waardevol.

♦(Dankie ou getroue leser! Ek waardeer altyd jou terugvoer. Ons kap aan met Kammanuus tot ons omkap. – Hennie)

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> “Die aand voor nog toetse moes die nursie Ouma 'n setpil toedien om seker te maak dat haar maag leeg is vir die volgende dag.

Deur MARNUS STEYN

Soos vantevore in een van my stories het ek van my skoonfamilie geskryf. Stoere Boeremense van die Vrystaat. Godvresend, nederige maar ook werklike Christene. Lelike woorde bestaan nie in hulle woordeskat nie, somtyds sal hulle 'n "grensgeval"-woord gebruik maar dit is waar dit stop.

Skoonma is Susara Helena genoem toe die predikant haar met die heilige water besprinkel het amper 90 jaar gelede. Die water het intussen verdamp, maar sy is nog met ons.

Soos dit met die aanstap van die jare betref, is daar seker dele van die lyf wat ook maar slyt. So was dit ook die geval met 'n paar rugwerwels wat haar begin opkeil het. Om haar van die amper ondraaglike pyn te verlos, moes sy derhalwe n operasie ondergaan.

Die oggend na haar toelating is sy na die magnetiese skandeerder geneem. Dis nou daardie tonnel waar hulle jou op 'n draagbaar met wieletjies aan in die tonnel indruk. Die ding laat 'n mens dink aan daardie lang Aboriginese dermtrompet met die diep enkeltonige gebrom. Die skandeerder kan darem 'n paar bykomende bromgeluide maak. Die ding werk glo met baie sterk magnete wat deur jou kan kyk. Geen X-strale nie. Maar die "operators" gaan nog steeds agter die loodgordyn wegkruip. Miskien weet hulle iets wat hulle nie vir ons wil vertel nie!

Vooraf word dit duidelik gestel dat jy dood moet speel, geen bewegings nie. As jou neus jeuk het jy jou alie gesien want jou arms is vas teen jou sye, hande in die rigting van jou voete. Jy moet maar jou oë toeknyp want die tonnel is nou nie baie ruim nie. Jy moet maar dink jy lê op die strand.

Die masjien begin met 'n baie lae bastoon vir jou musiek maak. Alles net een noot. Na sowat 'n minuut hou dit op. Doodse stilte volg. As iets jeuk moet dit maar jeuk, maar stil lê, lê jy. 'n Bariton gebrom begin. Omdat jy verveeld is, begin jy nou tel om te sien hoe lank die klank gaan aanhou. Die een haal 76 tellings en dan is dit verby. En jy lê en jy lê. Jeuk of te not. Met nog 'n paar nootverwisselings en getel, kom die spul tot 'n einde. Jy word uit die tonnel getrek en het jy nou baie meer simpatie met die ondergrondse goudsoekers.

Die rugspesialis verduidelik aan Ouma Sarie wat gaan gebeur en dat hy die volgende oggend die joppie gaan doen.

Alles het goed verloop en Ouma Sarie was 'n paar dae later so te se reg om ontslaan te word. Die rug- en beenpyne iets van die verlede.

Maar ou Nallie soos die skoonfamilie die baas van die warmplek noem, was ook saam met haar in die hospitaal. Om die waarheid te sê, die ou het saam met haar in die kamer gebly.

Die volgende oggend het sy haar dosis medikasie gekry en 'n herhaling 'n paar ure later. Met die gevolg dat dit tot 'n hartstilstand gelei het. Na 'n gewoel en gewerskaf is sy darem deurgehaal.

Ou Nallie was uiteraard baie tevrede met sy gekonkelry!

Nou wou die dokters seker maak dat Ouma Sarie nie ander skade opgedoen het nie. Die aand voor nog toetse moes die nursie Ouma 'n setpil toedien om seker te maak dat haar maag leeg is vir die volgende dag. Ou Nallie het weer sy ding gedoen en Ouma se maag het net mooi niks gedoen nie.

Die volgende oggend is sy op 'n trollie vort na waar ook al.
Op pad sê sy vir die geselskap wat haar vergesel dat haar maag nou iets wil

doen en dat hulle haar blitsvining by die troon moet kry. Maar tyd was nie aan hulle kant nie en toe gebeur dit wat nie moes gebeur het nie! Verder sal ek nie uitwei nie.

Dieselfde aand kom die nursie wat die pille en dies meer uitdeel en vra vir Ouma watse pille sy wil hê.

Die nursie was van 'n baie donker gelaat met kort hare, as julle weet wat ek bedoel. Tweedens was die Taal ook ietwat onverstaanbaar vir nursie.

"Bring me a cork, a pain tablet and a sleeping tablet," sêOuma Sarie.

"What is a cork?", vra nursie.

"That thing you put into a bottle to stop the contents from running out of the opening at the top."

"Why do you need a cork?"

"I need it for my poeppolletjie!"

"What is a poeppolletjie?"

Ouma wys so met haar vinger na haar agterstewe.

"Gogo, I do not think we have one in the dispensary! But I am sure they will have one at emergency. What size cork do you want?"

Ouma Sarie is die volgende oggend ontslaan. Sonder 'n prop!

Stamboom

Help ons familiespeurders

BOTHMA andriesbothma55@gmail.com
Geboortedatum 26/05/1955 te Ladybrand

COSTER louisemallett441017@gmail.com
Frank Amache Coster. Dit is my pa ek dink in die distrik Middelburg Tvl. Dit is waar ek gebore is. My ma is Martha Olga Coster (nee) Sachse

MATTHEE jcmatthee@gmail.com
Ek is op soek na my oupa Hendrik Johgannes Coenraad Matthee se ouers se inligting, name, geboortedatums en wanneer hulle oorlede is. Oupa is gebore 19.03.1889 en sterf 11.01.1965 te Swellendam. Het bekend gestaan as Hennie en was getroud met Susanna Maria van der Westhuizen, bekend as Susie. Hy het ook `n ouer broer, Jurie Hendrik Matthee gehad wat in 1966 oorlede is.

MOLL geoff@gfors.co.za
John Reinhard Moll. Also Jan Reinier Moll, born Pietermaritzburg, moved to Heilbron, and started a family. Married to Catherine Jane Francis.(d.o. Frederick Francis, 1820 settler). Son of Cornelis Moll b24, Printing industry. Any info on JR Moll and his family will be appreciated.

REINBACH normandypbem@gmail.com
My ouma aan moederskant was 'n nooi Reinbach of von Reinbach. Ek is nie seker oor die spelling van die van nie. As enige iemand inligting oor hierdie familie het, sal ek dit waardeer indien julle my sal kontak per e-pos.

ROSSOUW gidsrossouw@gmail.com
Ek het `n koper familiewapen en ek wil ook net weet of iemand meer inligting het oor Gideon Jacobus Rossouw se stamboom.

KAMMANUUS verskyn weer op 16 JUNIE